# Lig en donker



**Klein kleur-strokies word vierkante, vierkante word 'n kombers...**

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 2,5 kg Fiesta Kwik-knit of oorskietgaring van dié dikte (vir ons voorbeeld is effekleurige en geskakeerde garing gebruik); hekelpen van 3 mm of een wat dik genoeg is om 'n vierkant van 17 x 17 cm te verkry.*

**MATE:** *Ongeveer 175 x 210 cm, elke vierkant sowat 17 x 17 cm.*


**SPANNING:** *22 ste = 10 cm.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; vlg - volgende; gs - glipsteek; herh - herhaal; st(e) - steek(steke); sp(s) - spasie(spasies).*

**VIERKANT: Beginry:** 13 ks, 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elke vlg ks — 12 kb.
**1e ry:** 1 ks vir 1e kb, 1 kb in elke kb tot einde.

Hekel 12 rye kb op dié manier of genoeg om 'n vierkant te vorm. Knip garing af. Heg nou 'n 2e (donker) kleur aan en hekel 2 rye lb oor syrand. Knip garing af, heg af en hekel met 'n derde (ligte) kleur oor die teenoorgestelde kant, soos op diagram aangedui.

## DIAGRAM
### Kombers van vierkante




Die kleure moet volgens diagram geplaas word om die besonderse effek te verkry. Hekel 120 vierkante vir 'n kombers wat ongeveer so groot as dié in die illustrasie is, of maak dit so groot as wat jy verlang. Werk donker aan donker en ligte aan ligte kante vas.

**OMRANDING:** Begin in enige hoek met 1 kb, 2 ks (= 1e lb), in eerste steek; 1 lb in elk van vlg 3 ste, *2 ks, slaan 2 ste oor, 1 lb in elk van vlg 4 ste* tot by vlg hoek. Vir hoek hekel 1 lb in elk van eerste 4 ste van vlg syrand; eindig rondte met 4 ks, gs in bopunt van 2 begin-ks.

**2e rondte:** 5 ks (= 1 lb plus 2 ks), slaan 2 lb oor, *1 lb in 4e van 4 lb, 2 lb in 2-ks-sp, 1 lb in 1e van vlg 4 lb, 2 ks, slaan 2 lb oor*; maar hekel (3 lb, 3 ks, 3 lb) in elke hoek-sp. Herh rondom, eindig met gs in bopunt van begin-ks.

**3e rondte:** 3 ks (= 1e lb), 4 lb in 2-ks-sp, *1 kb tussen 2e en 3e lb van vorige ry, 5 lb in 2-ks-sp*; herh van * tot * rondom, maar hekel 7 lb in 3-ks-sp vir elke hoek. Heg netjies af.